

# THEART OF RESEARCH



## 'n Genitale-inflammasietoets (GIFT) om MIV te voorkom

Die kitskontakpuntoets kan tot die bestuur van SOI's en BV bydra.

**Micaela Lurie** is 'n PhD-kandidaat in Mediese Virologie aan die Universiteit van Kaapstad.

**ORCID ID:**

<https://orcid.org/0000-0002-6993-0420>

**D**ie voorkoms van MIV by Suid-Afrikaanse vroue van 15 tot 49 jaar oud is 25,8%. Hierdie vroue word disproportioneel geraak vergeleke met mans in dieselfde ouderdomsgroep, waar die voorkoms slegs 15% is.

Een van die grootste aandrywers van MIV-risiko by jong vroue is genitale inflammasie, wat die risiko om MIV op te doen tot drievoudig verhoog. Belangrike, maar behandelbare, bydraers tot inflammasie van die vroulike genitale kanaal is seksueel-oordraagbare infeksies en bakteriële vaginose.

Indien dit onbehandel gelaat word, kan seksueel-oordraagbare

infeksies en bakteriële vaginose tot bekken-inflammatoriese siekte, besering van die Fallopiusbuise, littekens aan die boonste reproductiewe kanaal en selfs infertiliteit lei.

Sindromiese bestuur wat in Suid-Afrikaanse gemeenskappe gebruik word, is na bewering ondoeltreffend vir die diagnose van seksueel-oordraagbare infeksies en bakteriële vaginose, aangesien aktiewe gevalle dikwels oorgesien of nie behandel word nie. Dit beklemtoon die behoefte aan beter ingrypingstrategieë.

GIFT (genitale-inflammasietoets), 'n kitskontakpuntoets, sal ontwikkel word om die bestuur van seksueel-

oordraagbare infeksies en bakteriële vaginose op 'n vinnige, bekostigbare en nie-indringende manier te verbeter.

Hierdie toerustingvrye siftingstoestel identifiseer biomerkers van genitale inflammasie wat deur sulke infeksies veroorsaak word.

Oor die algemeen sal die vermindering van die getal MIV-infeksies en reproductiewe komplikasies wat met ongeidentifiseerde seksueel-oordraagbare infeksies en bakteriële vaginose verband hou, 'n geweldige en positiewe ekonomiese en maatskaplike impak hê.

*GIFT, 'n kitskontakpuntoets, kan die bestuur van seksueel-oordraagbare infeksies (SOI's) en bakteriële vaginose (BV) verbeter.*



Presented in association with the Institute of Infectious Disease and Molecular Medicine, this programme forms part of #theArtofResearch, an initiative of research communication specialists Jive Media Africa.

